[*]   Hierdie studie vorm 'n deel van die projek genaamd "Vertalende brugwoordeboeke met Afrikaans as bron- of teikentaal" in die Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Port Elizabeth, Port Elizabeth.

kaans-Japannese woordeboek het groot verskille tussen die tweetalige woordeboeke in Suid-Afrika en dié in Japan na vore gekom. Mikrostrukturele verskille sluit in die gebruik van fonetiese transkripsies, die aanduiding van die onderskeid tussen oorganklike en onoorganklike werkwoorde, die volgorde van voorbeeldsinne en die gebruik van bepaalde simbole as hulpmiddels. Deur die hantering van aanstootlike leksikale items en die grootte van die woordeboeke word die verskil in sosiale agtergrond gereflekteer. Hierdie verskille moes by die verwerking verdiskonteer word.

Die heropstelling van bestaande woordeboeke is 'n aanvaarde metode waarvolgens die leksikografie in Japan bedryf word, en daar is 'n aantal voorbeelde daarvan uit die geskiedenis. Dit beteken egter nie 'n eenvoudige vervanging van die teikentaal nie, maar die hervorming van die woordeboekstruktuur en die aanpassing daarvan by die gebruikers (in hierdie geval Japanneessprekendes). Tweetalige woordeboeke in Suid-Afrika wat tipologies by die Japannees-Afrikaanse woordeboek aansluit (m.a.w. deur die bewerking van genealogies onverwante tale) sou kon baat by die vergelyking wat in hierdie artikel getref word.

Sleutelwoorde: AANLEERDERSWOORDEBOEK, AANSTOOTLIKE LEKSIKALE ITEMS, AFRIKAANS, ETIKETTERING, FONETIESE TRANSKRIPSIE, JAPANNEES, MAKROSTRUKTUUR, MIKROSTRUKTUUR, OORGANKLIKHEID, OSTENSIEWE WOORDEBOEK, TRANSKULTURALISASIE, TWEETALIGE WOORDEBOEK, VERTAALEKWIVALENT, VOORBEELDSINNE

0.   Inleiding

In hierdie artikel word daar gewys op beduidende verskille tussen Afrikaanse en Japannese woordeboeke waarvan daar by die opstel van 'n Afrikaans-Japannese woordeboek kennis geneem is. Die bespreking is gerig op tweetalige woordeboeke, maar verklarende woordeboeke, veral handwoordeboeke, word ook betrek waar nodig.

Vergelykings kan ook getref word met elektroniese woordeboeke wat onder andere in CD-ROM-formaat beskikbaar is. In hierdie artikel gaan dit egter om die strukturering van geskrewe leksikons.

1.   Twee genealogies onverwante tale

Tweetalige woordeboeke kan ten opsigte van die behandelde tale onder andere in twee tipes onderskei word, te wete woordeboeke wat tale van dieselfde taalfamilie kombineer en woordeboeke waarin tale van verskillende taalfamilies figureer. Hierdie subklassifikasie verteenwoordig 'n wesenlike onderskeid tussen hierdie tipes woordeboeke. Dit is byvoorbeeld nagenoeg onmoontlik om by twee tale van uiteenlopende taalfamilies, soos Afrikaans en Japannees, onderlinge *faux amis* ("vals vriende") aan te dui.

As die twee tale tot dieselfde taalfamilie behoort, soos Afrikaans en Duits, (en as dié twee tale boonop kulturele verwantskap vertoon), sal die opstel van

die woordeboek minder probleme oplewer, want vertaalekwivalente lê voor die hand. Maar as dié twee tale geen taalkundige verwantskap besit nie, sal die opsteller dikwels moeite ondervind om selfs vir die eenvoudigste woord 'n ekwivalent te vind.

Watter een van hierdie woordeboektipes dominant is, hang af van die taal-situasie in die betrokke land. Japan is 'n feitlik eentalige land. Alhoewel min-derhede voorkeur gee aan die gebruik van hulle eie tale, Ainu, Koreaans en Chinees, word dié tale haas glad nie gebruik buite hulle klein kringe van moe-dertaalsprekers nie. In hierdie situasie het die meeste Japannese slegs vir die studie van buitelandse tale tweetalige woordeboeke nodig.

Byna alle Japannese leer Engels op middelbare en hoërskool (st. 5 tot 10 in Suid-Afrika). Aan die universiteite is Engels ook die eerste buitelandse taal en as tweede buitelandse taal word tradisioneel Duits of Frans gekies. Gevolglik is die merendeel van die tweetalige woordeboeke wat in Japan gepubliseer word, dié wat Japannees en Westerse tale kombineer, tale wat geen onderlinge genea-logiese of tipologiese verwantskap vertoon nie.

Die tweetalige woordeboeke wat Afrikaans as bron- of teikentaal het, word ook deur die taalsituasie in die land bepaal. Vanselfsprekend is Afri-kaans-Engelse/Engels-Afrikaanse woordeboeke die belangrikste in Suid-Afri-ka. Maar dit is opvallend dat daar toenemend woordeboeke gepubliseer word wat Afrikaans en die verskillende Afrikatale kombineer. Dat die woordeboeke waarin tipologies uiteenlopende tale gekombineer word, so belangrik is, is 'n punt wat Afrikaanssprekendes en Japannese gemeen het. In hierdie opsig het die leksikograwe van die twee lande 'n potensieel vrugbare samewerkings-terrein. In Europa kom 'n mens ook daagliks in kontak met ander tale en die leksikograwe daar het lang ervaring van tweetalige woordeboeke. Maar *tweetalig* beteken hier gewoonlik 'n kombinasie van twee Westerse tale, byvoorbeeld Duits en Frans. Woordeboeke wat een van die Westerse tale met, byvoorbeeld, 'n Asiatiese taal kombineer, is net vir diegene met spesifieke oog-merke. Goeie tweetalige woordeboeke met 'n heterogene taalsamestelling is eerder die uitsondering as die reël.

Die Verenigde State van Amerika publiseer baie woordeboeke wat Engels met tale van inheemse Amerikaners of met tale in die Stille Oseaan kombineer. Maar hierdie tweetalige woordeboeke is eerder gemik op akademiese beskry-wing as vir praktiese gebruik. (Amerikaners wil gewoonlik nie self ander tale aanleer nie, en beoog eerder die onderrig van Engels aan ander.) As 'n woorde-boek eers klaar opgestel is, glo die navorsers dat die taal gered is, en die woor-deboek sal in die meeste gevalle nie gereeld hersien word vir 'n verbeterde uitgawe nie.

Japannese leksikograwe sou, in die lig van bogenoemde oorwegings, medewerkers nie in Europa of in die Verenigde State van Amerika nie, maar in Suid-Afrika vind.

2.   'n Afrikaans-Japannese woordeboek

Die poging om 'n Afrikaans-Japannese woordeboek op te stel waarvan in hierdie artikel verslag gedoen word, is in wese 'n verwerking van Kotzé en Wela (1992), waar Zoeloe as doeltaal deur Japannees vervang word.

Om by die skryf van 'n woordeboek van die makrostruktuur van 'n ander woordeboek gebruik te maak, is in Japan nie ongewoon nie, maar word as 'n uitweg aanvaar indien 'n mens gou die buitelandse taal moet invoer. Sommige voorbeelde uit die geskiedenis kan aangetoon word.

Die oudste bestaande Japannese woordeboek, *Tenrei-banshou-myougi*, wat in die eerste helfte van die 9de eeu deur die Boeddhistiese priester Kuukai opgestel is, is die verjapanisering van die Chinese woordeboek *Yù-piang*. Die eerste groot Nederlands-Japannese woordeboek *Haruma-wage* is in 1796 opgestel op die basis van François Halma se Nederlands-Franse woordeboek. Heropstelling is vandag nog steeds 'n uitweg in geval van nood. Die jongste Nederlands-Japannese woordeboek *Oranda-go-jiten* wat in 1994 gepubliseer is, is die verwerking van *Kramers' Nederlands-Engels Woordenboek*.

'n Woordeboek behoort ideaal gesproke *ab initio* volgens die opsteller se eie plan ontwerp te word. Die praktyk vereis normaalweg 'n lang periode van samewerking tussen verskeie leksikograwe. Hierdie gewone werkwyse is in die huidige omstandighede onmoontlik vir 'n Afrikaans-Japannese woordeboek. Die enigste moontlike en realistiese keuse in hierdie geval is leksikografiese herbewerking.

Verwerking is nie die eenvoudige vervanging van die teikentaal nie, maar behels die hervorming van die woordeboekstruktuur. Hierdie aspek word hieronder verder bespreek.

Die redes waarom die *Afrikaans/Zoeloe-woordeboek* as basis gekies is, is dat dié woordeboek

(a)   die tale van uiteenlopende taalfamilies kombineer en
(b)   o.a. op die behoeftes van die aanleerder op universiteitsvlak gerig is.

Die Afrikaans-Japannese woordeboek in wording het ook hierdie kenmerke en het in dié woordeboek 'n goeie model gevind.

3.   Verskille tussen die woordeboeke in die twee lande

In hierdie afdeling word die praktyk van die leksikografie in beide Japan en Suid-Afrika onder die loep geneem, en kenmerke wat Afrikaanse woordeboeke gemeen het, vergelyk met dié van Japannese woordeboeke.

3.1   Fonetiese transkripsie

Dit is opmerklik dat geen tweetalige woordeboek met Afrikaans as een van die tale fonetiese transkripsies bevat nie. Dit geld ook Afrikaanse handwoorde-

boeke. Die rede is voor die hand liggend. Dit word as onnodig beskou vir die woordeboekgebruikers, almal Suid-Afrikaners wat elke dag ouditief aan Afrikaans blootgestel word. Buitelandse gebruikers was tot dusver nie 'n faktor vir Afrikaanse leksikograwe nie. Maar vir sulke gebruikers wat geen geleentheid tot blootstelling aan Afrikaans het nie, is fonetiese transkripsies 'n *sine qua non*.

Daar is 'n soortgelyke probleem in die geval van Japannese woordeboeke. Japannese woordeboeke met 'n vreemde taal as brontaal bevat in die reël fonetiese transkripsies, maar by woordeboeke met Japannees as brontaal ontbreek sulke transkripsies deurgaans. Een beduidende rede is dat Japannese leksikograwe nooit situasies voorsien het waar so baie buitelanders Japannees bestudeer nie. Nog 'n rede is die fonologiese eenvoud van die Japannese taal. Die artikulatoriese konsekwentheid en relatiewe afwesigheid van allofonie gee aanleiding daartoe dat transkripsies in die Romeinse alfabet feitlik as fonetiese transkripsies funksioneer. Die jongste Japannese woordeboeke vir buitelanders wat as gevolg van die onlangse toename in die studie van Japannees gepubliseer is, toon slegs die uitspraak met behulp van die gewone Romeinse transliterasie aan.

Daarteenoor is die Afrikaanse uitspraak ingewikkelder as die Japannese, byvoorbeeld ten opsigte van verskillende diftonge en allofone van die letter "e" ([ə][e][ɛ]). In 'n tweetalige Afrikaanse woordeboek behoort hierdie variasie duidelik aangetoon te word deur middel van fonetiese transkripsies.

Die gebruik van fonetiese transkripsies sou ook inpas by Japannese onderrigmetodes ten opsigte van buitelandse tale. Omdat 'n mens buite die groot stede in Japan vroeër selde met moedertaalsprekers van byvoorbeeld Engels kontak kon maak, het die tradisionele konvensie by Engelsonderrig ontstaan dat fonetiese transkripsies van die begin af ingevoer is om die uitspraak te leer. Dit wil sê, saam met Engels word die Japannese verplig om ook fonetiese transkripsie te leer. Dié kennis gebruik hulle dan verder vir die studie van die ander buitelandse tale.

In Suid-Afrika, hierteenoor, word fonetiese transkripsie feitlik nêrens as hulpmiddel vir taalonderrig benut nie. Kennis daarvan kan die Afrikaanse leksikograwe nie van die gemiddelde woordeboekgebruiker verwag nie.

Maar in sowel Afrikaanse as Japannese woordeboeke behoort die uitspraak met behulp van fonetiese transkripsies duidelik in ooreenstemming met internasionale gebruik weergegee te word.

3.2   Die onderskeid oorganklik / onoorganklik by werkwoorde

Sintaktiese inskrywingskategorieë wat by Afrikaanse woordeboeke gebrekkige aandag ontvang, is die onderskeid tussen oorganklike en onoorganklike werkwoorde. Dit is by Japannese woordeboeke een van die basiese inligtingskategorieë. As hierdie onderskeid nie aangedui word nie, sal so 'n woordeboek nie as standaard beskou word nie. Selfs 'n klein sakwoordeboek wat net die ver-

taalekwivalente sonder voorbeeldsinne opneem, dui die onderskeid tussen die twee soorte werkwoorde aan. 'n Goeie voorbeeld daarvan is die artikel **propose** in *Sanseido's Daily Concise English-Japanese Dictionary* wat duidelik tussen *vt.* en *vi.* onderskei.

> **‡pro·pose** [prəpóuz] *vt.* 提案する；申し
> 込む；推薦〔指名〕する；企てる. — *vi.* 計
> 画する；結婚を申し込む. ***pro·pós·al** *n.*
> 申込み；提案，計画；結婚の申込み. **-pós-**
> **er** *n.* 申込人；提案者.

Hierdie benadering sou Afrikaanse leksikograwe miskien vreemd vind, maar dit is 'n grammaties belangrike eienskap van die Japannese taal.

In Afrikaans (en ook Engels) kan 'n werkwoord in baie gevalle sowel oorganklik as onoorganklik gebruik word. In Japannees bring die twee werkwoordkategorieë egter totaal verskillende woordvorme mee. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Afrikaans	Japannees
brand (oorg./onoorg.ww.):	*yaku* (oorg.ww.) *yakeru* (onoorg.ww.)
hang (oorg./onoorg.ww.):	*kakeru* (oorg.ww.) *kakaru* (onoorg.ww.)

Oorganklike en onoorganklike werkwoorde in Japannees word gevolglik as onderskeie lemmas gehanteer. Dié verskil is so wesenlik dat dit in enige woordeboek vindbaar behoort te wees. Ook in 'n Afrikaanse woordeboek sou Japanneessprekende gebruikers 'n aanduiding van hierdie basiese onderskeid by werkwoorde verwag.

Dit is een voorbeeld van die opvallende grammatikale verskille wat 'n leksikograaf in ag moet neem by die opstel van 'n woordeboek wat tipologies ongelyksoortige tale kombineer.

Afgesien van hierdie eienskap van Japannees wat dié inligtingstipe noodsaaklik maak, is dit gewoon gebruikersvriendelik as 'n woordeboek oorganklikheid of onoorganklikheid by werkwoorde aandui.

3.3   Aanstootlike leksikale items

3.3.1   Woorde en uitdrukkings

Soos in Afrikaans is daar ook in Japannees items wat die opsteller van 'n woordeboek versigtig moet hanteer. Maar oor wat as sensitief beskou word, verskil

Japan van Suid-Afrika. Dit verteenwoordig 'n verdere probleem by 'n Afri-kaans-Japannese woordeboek. Vir Afrikaanse leksikograwe sou die meeste pro-bleme die woorde en uitdrukkings wees wat 'n rassistiese konnotasie het, byvoorbeeld **ou meid**. Die letterlike betekenis daarvan is gewoon *bejaarde huis-hulp* en sy vertaalekwivalent in Japannees, *toshi-totta kasei-fu* het hoege-naamd geen slegte konnotasie nie. Sulke Afrikaanse woorde of uitdrukkings kan buitelandse aanleerders onbewus verkeerd gebruik. Om dit te vermy, behoort die opstellers van 'n tweetalige woordeboek, indien hulle sulke leksi-kale items opneem, met behulp van 'n etiket aan te dui dat dié items rassistiese konnotasies het.

Wat Japannese woordeboeke betref, is sensitiewe items hoofsaaklik diskri-minerende woorde en uitdrukkings wat vroue, fisies en/of geestelik gestrem-des, asook mense van 'n onderdrukte kaste (*hi-sabetsu buraku-min*) beskryf. As 'n woordeboek die items foutief hanteer, word van die redakteur verwag om in die openbaar verskoning te vra en die inskrywing by die volgende uitgawe reg te stel. In die ergste geval sal die woordeboek dadelik aan alle boekwinkels onttrek word en die gebruik daarvan deur biblioteke streng beperk word.

Hoe leksikograwe dié tipe items hanteer, illustreer *Kenkyusha's New College Japanese-English Dictionary* (1995⁴), 'n gewilde Japannees-Engelse handwoorde-boek. In hierdie woordeboek word 'n "x" as etiket ná die lemma gebruik om die gewraakte lemma te merk. Nog 'n hanteringswyse is om die item weg te laat. Byvoorbeeld *buraku*, 'n soortnaamwoord wat *dorpie* beteken, kom nie daarin voor nie, vermoedelik uit vrees vir assosiasie met *hi-sabetsu <u>buraku</u>-min* (letterlik vertaal: mense van 'n miskende dorpie). *Die opstellers sou vir die gebrekkige opname van die basiese woordeskat gekritiseer kan word, maar hulle sou kan antwoord dat 'n handwoordeboek nie volledig hoef te wees nie.*

In die sensitiewe taalomstandighede in Japan veroorsaak ander gewone Afrikaanse woorde ook 'n probleem. 'n Goeie voorbeeld is gek. Die naaste Japannese vertaalekwivalent van die woord is *ki-chigai*, maar dit word as 'n diskriminerende woord vir 'n psigoot beskou en die gebruik daarvan in die skriftelike en elektroniese media is feitlik verbode.

By die lemma **crazy** in die bogenoemde *Kenkyusha's New College Japanese-English Dictionary* staan die uitdrukkings *ki ga kurutta* en *kyou-ki no* in plaas van *ki-chigai* as vertaalekwivalente. Dit is wel sosiaal korrek, maar hierdie alternatiewe gee nie die grammatikale verhouding en die register van **crazy** weer nie, want *ki ga kurutta* is 'n onhandige parafrase en *kyo-ki no* is 'n skryf-taalvorm.

Die inskrywing vir gek toon blyke van dieselfde problematiek. Geen finale oplossing lê voor die hand nie. In dié stadium lyk die enigste moontlikheid die gebruik van alternatiewe leksikale items. Leksikograwe moet soms aan maat-skaplike eise voldoen met opoffering van die gepaste vertaalekwivalente.

3.3.2 Voorbeeldsinne

Voorbeeldsinne moet ook baie versigtig gehanteer word. Alhoewel nie elke woord in die sin problematies is nie, kan die idee wat die sin oordra as diskriminerend beskou word. Die volgende sin in die *Afrikaans/Zoeloe-woordeboek* staan op die grens:

Die vlek op haar gesig doen afbreuk aan haar skoonheid.

As dieselfde voorbeeldsin in Japannees vertaal word, sal daar in Japan sterk protes van vroue verwag kan word. Die implikasie sou wees: Deur die waarde van vroue gelyk te stel met oppervlakkige skoonheid, word hul inherente menslikheid geïgnoreer. En so 'n verklaring met betrekking tot vroue met vlekke op hulle gesigte, is 'n belediging vir sulke vroue, en vir persone met fisiese gebreke in die algemeen.

Sulke interpretasies deur gebruikers van die teikentaal moet deur die opsteller van 'n tweetalige woordeboek in ag geneem word. Kennis daarvan strek egter oor die grense van die leksikografie en val eerder binne die gebied van die kulturele antropologie.

Desnieteenstaande word dié voorbeeldsin sonder verandering in die Afrikaans-Japannese woordeboek gebruik, omdat dit tog die kulturele verwysingsraamwerk en die taalgebruikskundige konteks van Afrikaans verteenwoordig.

3.4. Ordening van die inskrywings in 'n artikel

3.4.1 Leksikale items

'n Belangrike onderwerp wat normaalweg nie so intensief bespreek word nie, is die volgorde van die inskrywings in 'n artikel.

In Afrikaanse tweetalige woordeboeke word al die vertaalekwivalente ná die grammatiese inligting gelys en daarna volg die voorbeeldsinne. Dié volgorde het die voordeel dat die struktuur van die artikel deursigtig is en dat die gebruiker die betekenis van die lemma gou kan begryp met behulp van die lys vertaalekwivalente wat reeds aan die begin van die artikel gegee word.

Maar so 'n volgorde is in Japan ongewild omdat die verband tussen 'n vertaalekwivalent en 'n voorbeeldsin waarin die vertaalekwivalent gebruik word, nie onmiddellik duidelik is nie.

Die tipiese volgorde binne die lemma van Japannese woordeboeke is: 1. vertaalekwivalent, voorbeeldsin(ne)   2. vertaalekwivalent, voorbeeldsin(ne) ... soos die volgende voorbeeld uit *Kenkyusha's New English-Japanese Dictionary* (1980[5]), die standaard Engels-Japannese woordeboek.

greet¹ [gríːt] 〔OE *grētan* to approach, greet <
(WGmc) *ʒrōtjan* to cry out, address (G *grüssen*) ←
IE *ghrēd-, *gher- to call out〕 ── vt. **1** (口頭・身ぶ
り・書面などで)…に挨拶を述べる, 敬礼する (hail,
salute): ～ a person *with* a cheerful "Good morning!"
元気よく「おはよう」と人に挨拶する. **2** (親愛・尊
敬・歓喜, 時には悪意・ののしりなどをもって)迎える
〔*with*〕: …～ a person *with* cheers, an embrace, a smile,
etc. / ～ a person's return *with* jeers [a scowl, a vol-
ley of arrows] やじりながら[にがい顔をして, いっせ
いに矢を放って]人の帰りを迎える / His remark was
～*ed with* hisses. 彼がそういったらやじが飛んだ /
Jeers ～*ed* the candidate. あざけりの笑声が候補者を
迎えた. **3** 〈光景などが〉…に現れる (appear to), 〈目・
耳などに〉触れる, はいる (strike): A wide expanse of
sea ～*ed* the eye. 広い海が目にはいった / A terrible
noise ～*s* our ears [us]. すごい物音が聞こえてきた /
A sweet smell ～*s* the nose. 甘い香りがただよってく
る. ── vi. 《廃》挨拶をかわす.

Aangesien die subkategorisering van mikrostrukture siklies herhaal word vir
elke betekenisonderskeiding, kan dit tot verwarring lei. Daarbenewens is die
ordening ongerieflik omdat die gebruiker deur die artikel moet lees om al die
vertaalekwivalente te kry. Maar die bogenoemde ordening in Japannese woor-
deboeke moet anders begryp word. Die onderliggende beginsel is die rangskik-
king van betekenisse, naamlik 1. betekenis 1 2. betekenis 2 ... By elke betekenis
word die vertaalekwivalent(e) aangedui en direk daarna word die voorbeeld-
sin(ne) gegee waarin die vertaalekwivalent(e) gebruik word. En met behulp
van die nommers kan die gebruiker maklik sy/haar pad tussen die vertaal-
ekwivalente vind. Hierdie stelsel word naastenby ook in Afrikaanse verkla-
rende handwoordeboeke gevolg.

3.4.2   Voorbeeldsinne

Ook die rangskikking van die voorbeeldsinne in 'n Afrikaanse woordeboekarti-
kel kom vir 'n Japanneessprekende vreemd voor. So byvoorbeeld bevat die arti-
kel van die byvoeglike naamwoord gesamentlik in die *Afrikaans/Zoeloe-woor-*
deboek twee voorbeeldsinne wat soos volg aangebied word:

gesamentlik (～e) b.nw. ⸗ngokuhlanganyela *(joint, to⸗*
tal) **1. hulle het ～ opgetree** benze ngokuhlanganye⸗
la **2. die gesamentlike bedrag is . . .** isamba sesi⸗
hlangene ngu⸗ . . .

In die eerste sin bepaal **gesamentlik** die werkwoord **op(ge)tree** en in die laaste bepaal dit die selfstandige naamwoord **bedrag**. Hierdie volgorde veroorsaak geen probleem nie omdat Afrikaanse byvoeglike naamwoorde sowel werkwoorde as naamwoorde kan bepaal. Maar Japannese byvoeglike naamwoorde se primêre funksie is die bepaling van 'n selfstandige naamwoord. As 'n byvoeglike naamwoord 'n werkwoord bepaal, moet die byvoeglike naamwoord verbuig word, en gevolglik word die bepaling van 'n werkwoord as 'n sekondêre funksie beskou. Vergelyk die volgende voorbeeld:

hayai (infinitief) vinnig   *hayai kisha* vinnige trein
                                   hayaku hashiru vinnig hardloop

(Die vertaalekwivalent van *hayai* is eintlik *vinnig wees*. Adjektiewe in Japannees verbuig soos werkwoorde.)

Vir die Japanneessprekende woordeboekgebruikers is dit aanvaarbaarder indien voorbeeldsinne waarin die attributiewe gebruik van byvoeglike naamwoorde geïllustreer word, eerste staan. Die ordening van die voorbeelde is vir die Japanneessprekende meer logies soos in die volgende artikel in die Afrikaans-Japannese woordeboek:

gesamentlik [xəsá:məntlək] (~e) b.nw. **1.** 合計の *goukei no* (total); **Die gesamentlike bedrag is ...** 合計の金額は... *Goukei no kingaku wa...* **2.** 総合した *sougou-shita* (joint); **Hulle het ~ opgetree.** 彼らは皆集まって現れた. *Kare-ra wa mina atsumatte arawareta.*

'n Afrikaanse leksikograaf sou die verandering miskien as onnodig beskou, maar die motivering hier is om die inskrywings sodanig te rangskik dat hulle so min as moontlik teen die taalgevoel van die gebruikers indruis, veral in die geval van aanleerderswoordeboeke.

In die Afrikaans-Japannese woordeboek onder bespreking is talle veranderinge ingevoer. Die makrostruktuur daarvan stem enigsins ooreen met dié van die *Afrikaans/Zoeloe-woordeboek* waarop dit gebaseer is, maar die mikrostruktuur is heeltemal hervorm. Waarskynlik is hier sprake van die "transkulturalisasie" van die aanbiedingswyse van 'n bestaande woordeboek.

3.5   Simbole en hakies

Terwyl die gebruik van tekens in Afrikaanse woordeboeke nog relatief beperk is, benut Japannese woordeboeke 'n verskeidenheid simbole en hakies as hulpmiddel by etikettering. *Sanseido's Daily Concise English-Japanese Dictionary* het byvoorbeeld ses tipes hakies met verskillende funksies wat in die toeligtingsmateriaal soos volg gebruik word:

17	「ハ ロ ン」 「メティエ」	**furlong, métier** などの訳語がそれぞれ引用符 (「 」)に包まれているのは専門語・職域語としてはその 訳語ないし音訳語が普通であることを示す.
18	[　　　]	この括弧は発音表記を示す. 発音については発音略 解 26〜37 及び発音記号一覧表を参照のこと.
19	〔　　　〕	この括弧は前出語の言い換えを示す: *be on* 〔*off*〕 *one's game* 調子がよい〔悪い〕=*be on one's* *game* 調子がよい; *be off one's game* 調子が悪 い.
20	(　　　)	この括弧は括弧内の部分が省略または添加できること を示す: **last'** の項の *at* 〈*long*〉〜=*at last* or *at* *long last.* また, **held** の項の, 「過去〈分詞〉」は 「過去及び過去分詞」を示す.
21	《　　　》	この括弧は言語区分, 注意すべき用法, 補足的説 明, 学習上必要と思われる解説, 著作者の作品中 特に有名なものを示す場合などに用いる: 《英》, 《米》, 《俗》, **will** の項の《単純未来》, **cress** の項の《食 用》, **Milton** の項の《*Paradise Lost*》など.
22	【　　　】	この括弧は術語, 専門語の表示に用いる: 【医】, 【ク リケ】など. なお, 本書中の略語表記については別に略 語解を参照のこと.

Deur die gebruik van verskillende hakies word die kategorie van die etiket dui-
delik geïdentifiseer en tegelykertyd word ruimte bespaar. Hierdie benadering
kan maklik in Afrikaanse woordeboeke gevolg word. Die volgende gebruik van
die etiket (**bet. ...**) "betekenis" in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* demon-
streer die tipiese indruk van oorvloedigheid wat deur die gebruik van afkor-
tings geskep en deur die benutting van verskillende hakies voorkom kan word:

koeëlafsluiter Afsluiter (bet. 1, 2 , 4) wat 'n koeël (bet.1, 2a) is ...

As byvoorbeeld die hakies [ ] vir betekenissubklassifikasies ingevoer word, kan
die inskrywing met behoud van ondubbelsinnigheid verkort word. Vergelyk
die volgende voorbeeld:

koeëlafsluiter Afsluiter [1, 2, 4] wat 'n koeël [1, 2a] is ...

In hierdie geval moet die funksie van dié hakies natuurlik in die toeligtende
aantekeninge verduidelik word.

Uiteraard kan leksikograwe nie oormatig met hakies te werk gaan in 'n
woordeboek nie, want dit kan verwarring veroorsaak. Die gebruik van verskil-
lende simbole en hakies is 'n moontlike verswarende faktor by leesbaarheid,

omdat dit teksdigtheid verhoog. Dit is egter een van die opvallende kenmerke wat Afrikaanse en Japannese woordeboeke van mekaar onderskei.

3.6   Illustrasies

Nog 'n onderskeidende kenmerk van woordeboeke in die twee lande is die gebruik van illustrasies. Daar bestaan baie min Afrikaanse ostensiewe woordeboeke, terwyl daar in die meeste Japannese woordeboeke talle afbeeldings vir die doel van betekenisverklaring aangewend word.

Illustrasies is 'n noodsaaklike element, veral in die geval van 'n tweetalige woordeboek wat die tale van verskillende kulture en nature kombineer. Heelwat begripsprobleme by items in die Afrikaans-Japannese woordeboek wat nou ongeïllustreer is, sou sonder meer opgelos kon word deur afbeeldings te gebruik.

Die springbok byvoorbeeld is die nasionale dier van Suid-Afrika, en dié naamwoord het (nog) 'n relatief hoë gebruiksfrekwensie in Afrikaans. Maar die dier is in Japan onbekend en het gevolglik geen Japannese naam nie. Die enigste en maklikste manier om dit in die beperkte spasie van 'n woordeboekartikel eksplisiet te verklaar, is om 'n afbeelding daarvan te laat sien.

Een nuwe Japannese verklarende handwoordeboek, *Nihon-go-dai-jiten* (1994), toon in sy alfabetiese deel selfs heelwat *kleur*foto's. Dit skep weliswaar 'n indruk van kommersialisering, maar is beslis gebruikersvriendelik.

3.7   Formaat

3. 7.1 Grootte

Daar is ook belangrike verskille tussen die grootte van woordeboeke in Suid-Afrika en dié in Japan.

Sanseido's Daily Concise Kanji Dictionary (1995) bevat 664 bladsye (plus 'n bylae van 61 bladsye) maar is net 1.5 cm dik. Japannese uitgewers beywer hulle om woordeboeke dun te maak deur sover as moontlik dun papier te gebruik. Daarteenoor is Jan Kromhout se *Skoolwoordeboek / School Dictionary* (1995[21]) met byna dieselfde aantal bladsye (658) 4 cm dik.

In Japan is dit nie vreemd dat 'n persoon byvoorbeeld buite die kantoor 'n woordeboek met hom/haar saamdra nie. Handwoordeboeke moet dus draagbaar wees, met ander woorde, hulle moet so klein en dun wees dat hulle in 'n aktetas of 'n handsak pas. Aan die ander kant is dit in Suid-Afrika vermoedelik ongewoon vir persone om woordeboeke saam met hulle te dra. Draagbaarheid word dus nie in aanmerking geneem by die beoordeling van die woordeboekmark nie. Dit sou een rede wees waarom Afrikaanse woordeboeke dik en groot is in vergelyking met Japannese woordeboeke.

3.7.2   Omslag

Die feit dat die meeste kleiner Afrikaanse handwoordeboeke in sagteband is, is vir Japannese gebruikers onvanpas. 'n Woordeboek is in Japan 'n boek met status, en 'n soliede omslag word as gegewe aanvaar. 'n Sagtebandwoordeboek sal in Japan as 'n verbruiksartikel beskou word, en nie die vertroue van die gebruikers wen nie.

Die grootte en die omslag van woordeboeke word deur die houding teenoor woordeboeke in 'n land bepaal. Dit kan wees dat dieselfde woordeboek in twee lande in heeltemal verskillende formate gepubliseer word. Die kulturele agtergronde wat woordeboeke betref, veral dié van die tale wat in tweetalige woordeboeke verteenwoordig word, vorm deel van die ondersoekgebied van die leksikografie.

4.   Ten slotte

Die leksikografie is in Japan nie as 'n akademiese vak gevestig nie. Die praktiese kennis van woordeboekmaak word deur uitgewers as 'n soort bedryfsgeheim bewaar. Die enigste taalinstituut van die Japannese regering, *The National Language Research Institute*, beplan om 'n omvattende verklarende woordeboek op te stel en is op die oomblik besig om 'n databasis op te bou. Dié inrigting het egter geen ervaring van die leksikografie nie. In hierdie opsig sou instansies in Suid-Afrika wat met die opstel van woordeboeke gemoeid is, byvoorbeeld die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, deur samewerking goeie leiding kan bied.

Bibliografie

Collick, R.M.V., K. Hirata en S. Tanabe. 1995⁴. *Kenkyusha's New College Japanese-English Dictionary.* Tokio: Kenkyusha.

Gù, Y.-W. 543. *Yù-piang.* Jiànkang (Nánjing).

Halma, François. 1710. *Woordenboek der Nederduitsche en Fransche Taalen / Dictionnaire Flamand et François.* Amsterdam.

Inamura, S., G. Udagawa e.a. 1796. *Haruma-wage.* Edo (Tokio).

Jockin-La Bastide, J.A. en G. van Kooten. 1993. *Kramer's Nederlands-Engels Woordenboek.* Amsterdam: Elsevier.

Koine, Yoshio e.a. 1980⁵. *Kenkyusha's New English-Japanese Dictionary.* Tokio: Kenkyusha.

Kotzé, Ernst en Patrick Wela. 1991. *Afrikaans/Zoeloe-woordeboek.* Kaapstad: Tafelberg.

Kromhout, J. 1995²¹. *Skoolwoordeboek/School Dictionary.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Kuukai. 9de eeu. *Tenrei-banshou-myougi.* Kioto.

Sanseido Jisho-henshuujo. 1990. *Sanseido's Daily Concise English-Japanese/Japanese-English Diction-ary.* Tokio: Sanseido.

Satake, H., T. Sakurai en S. Sugito. 1995. *Sanseido's Daily Concise Kanji Dictionary.* Tokio: San-seido.

Umesso, T., H. Kindaichi, A. Sakakura en S. Hinohara. 1989. *Nihon-go-dai-jiten.* Tokio: Kodansha.

Snijman, F.J. (Hoofred.). 1976. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal.* Deel VI. Pretoria: Staatsdrukker.

Van Sterkenburg, P.G.J. en W.J. Boot. 1994. *Oranda-go-jiten.* Tokio: Kodansha.

Legal Terminology in African Languages[*]

Mariëtta Alberts, *National Terminology Services, Pretoria, South Africa*

Abstract:. This article deals with the project on legal terminology in the African languages. It focuses on terminology aspects relating to the coining of terms for the legal profession. Terminology development in South Africa has been hampered by a number of sociolinguistic factors. During recent years South Africa has seen considerable changes regarding the function of the indigenous languages, and this situation gave rise to an urgent need for terminology in various subject fields and knowledge domains. A demand arose for legal terminology in African languages. This need for legal terminology gave rise to the establishment of the Centre for Legal Terminology in African Languages. The aim of the Centre is to make legal terminology more accessible to the local indigenous population. The background of the legal terminology project is given and the various principles on which the working procedure is based, are discussed. Various aspects regarding the present project (such as financing, time-schedule, training and terminological problems encountered) are treated.

Keywords: LEGAL TERMINOLOGY, SOCIOLINGUISTIC FACTORS, TERMINOLOGY DEVELOPMENT, AFRICAN LANGUAGES, INDIGENOUS LANGUAGES, MULTILINGUALISM, SUBJECT FIELDS, TERMINOLOGY, TRANSLATION, INTERPRETATION, CRIMINAL LAW, CRIMINAL PROCEDURAL LAW, TERM

Opsomming: Regsterminologie in Afrikatale. Hierdie artikel handel oor die projek oor regsterminologie in die Afrikatale. Dit fokus op terminologiese aspekte wat verband hou met die skepping van terme vir die regsprofessie. Terminologie-ontwikkeling in Suid-Afrika is deur 'n aantal sosiolinguistiese faktore belemmer. Suid-Afrika het die afgelope jare drastiese veranderinge beleef ten opsigte van die funksie van die inheemse tale, en hierdie situasie het aanleiding gegee tot 'n dringende behoefte aan terminologie op verskeie vakgebiede en kennisterreine. 'n Behoefte aan regsterminologie het in die Afrikatale ontstaan. Hierdie behoefte het tot die stigting van die Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale gelei. Die doel van die Sentrum is om regsterminologie meer toeganklik vir die plaaslike inheemse bevolking te maak. Die agtergrond van die regsterminologieprojek word verskaf en die verskillende beginsels waarop die werkswyse gebaseer is, word bespreek. Verskeie aspekte in verband met die huidige projek (soos finansiering, tydsbepaling, opleiding en terminologiese probleme wat ervaar is) word behandel.

Sleutelwoorde: REGSTERMINOLOGIE, SOSIOLINGUISTIESE FAKTORE, TERMINOLOGIE-ONTWIKKELING, AFRIKATALE, INHEEMSE TALE, MEERTALIGHEID / MULTILIN-

---

GUALISME / VEELTALIGHEID, VAKGEBIEDE, TERMINOLOGIE, VERTALING, TOLKING, STRAFREG, STRAFPROSESREG, TERM / VAKWOORD

Introduction

There are several factors influencing the terminological development of South African languages. Most of these are sociolinguistic factors. Terminology development in South Africa has been retarded by a number of ideological, historical, and educational factors, "the most fundamental of which are the language policies adopted in the Republic of South Africa (RSA)" (Mtintsilana and Morris 1988: 109).

With English and Afrikaans being the official languages in the RSA up to 1994, the State actively supported terminology development in Afrikaans to try to ensure parity with English (from which the international terms usually originate or enter South Africa). The African languages enjoyed neither official status nor any officially recognised functional status until the introduction of mother-tongue primary school education in 1953.

Jansen (1992: 1) states: "Recent years in South Africa have seen considerable changes. There has been a complete restructuring of the labour force and a greater involvement of the different population groups in matters of own and general interest. The fields of science and technology have become more accessible and various careers which were traditionally dominated by certain population groups are now infiltrated by people from other groups. All these factors have made increasing demands on the various indigenous languages spoken by members of the different population groups in South Africa." More than ever, this situation gave rise to an urgent need for terminology in various subject fields and knowledge domains.

In the new democratic South Africa, the Constitution provides for multilingualism and the development of the linguistic heritage. South Africa now has eleven official languages.

Multilingualism in South Africa is a sociolinguistic fact to be taken seriously. A large proportion of the indigenous population of South Africa can only be reached by means of indigenous languages. Information flow is prevented from being established by factors such as low literacy rates and terminologically poorly developed African languages (Fourie 1993: 132).

Political and societal changes have largely transformed the functional role of the African languages. The national and self-governing states that were created by the previous government led to the adoption of certain African languages either as the official language or as the *de facto* dominant language of these states. A substantial demand for terminology creation arose from this, since various business matters (civil service departments, local administrative bodies, courts of law, etc.) were conducted in the vernacular (Mtintsilana and Morris 1988: 109).

Origin of the Project

During an annual general meeting of the South African Institute for Translators (SATI) in 1985, translators, interpreters and other officials of the then self-governing states in South Africa indicated that they encountered numerous problems when dealing with legal terminology. They came across problems when translating legal documents, when compiling legislation for their various states, and when interpreting in court. These problems occurred since legal terminology in African languages either did not exist or were inadequate.

It was realised that, although English and Afrikaans were at that stage the official languages of South Africa, "the different indigenous languages could not be ignored but had an important role to play in legal procedure" (Jansen 1992: 2). The problem, however, was that the indigenous languages could not meet the demands placed on them, as legal terminology in these languages was either altogether lacking or, where present, not sufficiently complex to deal with the legal concepts of modern developments.

The South African Translators' Institute requested the National Terminology Services (NTS) to investigate the situation. The needs assessment done by NTS indicated a need for terminology in criminal law and related domains.

In 1987 a working group was formed. This working group later developed into the Committee for Legal Terminology in African Languages. Since 1996 this Committee is known as the Centre for Legal Terminology in African Languages. The Centre has its own constitution and is managed by an Executive.

The Objectives of the Centre

The objectives of the Centre are to:

* compile legal terminology lists, legal dictionaries and other related products in African languages, Afrikaans and English;
* undertake research on legal concepts and determine how these can at best be designated and systematised, to promote research and further terminology work and to make the results thereof available; and
* obtain the co-operation of experts and interested persons and promote common interests.

The main objective of this Centre is thus to make legal terminology more accessible to the local indigenous population; "not only to make it more available but also to make it more comprehensible" (Jansen 1992: 2).

The aims of the Centre are revealed in its coat of arms. The **bridge** symbolises an attempt to reach out to other fellow citizens by means of translation, the **stars** bring the light of knowledge to the existing darkness and the **scale** refers both to the justice and to the function of an interpreter to ensure that the original (source language) and the translation (target language) convey the

same message. The translation must be a mirror image of the language from which the translation is done. Gold and blue, the colours of the coat of arms, are two typical South African colours and the counterbalance in colour rein-force the source- and target-language image.

Coat of arms of the Centre for Legal Terminology in African Languages

Working Procedure

Background

The project started as a result of the needs expressed by Sepedi interpreters who experienced difficulty in interpreting in court due to a lack of legal termi-nology in Sepedi. Although this project was initially aimed at meeting the needs of the Sepedi interpreters, the initial working group intended from the start to incorporate all the indigenous languages in the project. This is one of the reasons why the name changed from Committee to Centre. Various Com-mittees dealing with the various indigenous languages can now be created under the auspices of the Centre. The Centre caters for any language group that feels the need for legal terminology in a specific language.

The members of the Centre and interested persons meet quarterly to dis-cuss general matters. Before the commencement of the main meeting, the committee for Sepedi usually convenes to discuss terminological problems encountered in the intermediate period.

The Centre for Legal Terminology in African Languages consists of repre-sentatives from different disciplines. The members of the Centre are all volun-tary workers. At present there are several members of the legal professions (e.g. lawyers, magistrates, court interpreters, etc.), members of the Justice Training College, interpreters, translators, academics (of the Departments of Law and African Languages of various universities), Language Board members, mem-bers of the Provincial Language Committee, linguists, terminologists / termi-

nographers, researchers, anthropologists, etc. There are also representatives from the South African Broadcasting Corporation (SABC), and the Departments of Justice and of Education.

"Although the Centre may seem overburdened with academics," alleges Jansen (1992: 4), "the idea is nevertheless to compile terminology lists that can be used in everyday dealings with law." It is only possible to communicate concepts clearly when the subject is known properly. Only then can the message be conveyed to laypersons.

The target group, for which this terminology is intended, includes legal practitioners, interpreters, translators, compilers of legislation, students of law and even the man in the street. The Centre intends this dictionary to be used not only by speakers of the African languages, but also by English- and Afrikaans-speaking South Africans — either to clarify the meaning of a term in their own language, or to communicate more successfully with someone speaking an African language.

In a recent letter from the Department of Justice, the Director-General stressed the value of the project for the legal profession and emphasised the importance of compiling and publishing this legal dictionary in the eleven official languages. The Centre enjoys the blessings of the Departments of Justice and of Education of the central government and of the Northern Province government.

In 1993 the Centre became a member of the International Academy of Language Law situated in Montreal, Canada. The Centre is also a member of CoHSSSA — the Consortium of Human Sciences Societies of Southern Africa. The Centre has close co-operation with the African Association for Lexicography (Afrilex), since various members of the Centre are also Afrilex members.

Principles

At this stage, the Centre for Legal Terminology in African Languages only concentrates on providing African language equivalents in the subdomains of *criminal law* and *criminal procedural law* because of the dire need in these legal fields.

At the outset the undertaking seemed boundless, so the Centre decided to demarcate it by limiting the scope of the work to those legal terms relating to criminal law and criminal procedural law, as these legal fields are traditionally best known to the African population groups as a result of their own tribal penal organisation. Because the Government of Lebowa was the first to draw attention to the deficiencies already mentioned, Sepedi (Northern Sotho) was chosen as the first indigenous language into which terms would be translated. The Centre is presumptuous enough to plan terminology lists for other African languages (Jansen 1992: 3). Any interested language group can use the Centre as the umbrella organisation when working on criminal law and criminal pro-

cedural law in any of the other official languages. The Centre will make the data already collected available to other language groups. It also plans to cover other legal fields when the first project is completed.

Procedure

The Centre tries to fulfil the role it has undertaken by working in different phases:

First Phase:

* The first phase comprises the compilation of lists of legal terms in English in the specified domains.
* The legal expert of the Centre excerpts these legal terms using English as the source language.
* The English terms are provided with fairly simple definitions and examples of how the terms should or could be used. The definitions must be kept simple yet should clearly explain the legal concepts.
* The English terms, with their definitions and example sentences, are then rendered into Afrikaans (that is, the Afrikaans equivalents, definitions and example sentences are provided).

Second Phase:

* During the second phase of the work, the English / Afrikaans term list is edited to conform with terminological and terminographical standards as set by modern dictionary compilers. The know-how for this work comes from the terminologists / terminographers who are members of the Centre.
* Thereafter, the information is entered into a computer and adapted even further in accordance with the requirements of the database system.

Third Phase:

* The third phase of the process involves the translation of the various English and Afrikaans terms, definitions and examples into an indigenous African language.
* At this stage, the terms with their definitions and / or examples are given to the Sepedi Committee, who coins / designates / denotes Sepedi terms and other relevant information according to the concepts. Problematic concepts or terms are dealt with at the quarterly meetings.

Fourth and further Phases:

*   As soon as other language groups (that is, other than Sepedi) decide to form their own committees the English / Afrikaans / Sepedi terms, definitions and / or examples will be made available to them to render the terms and other information into the relevant language(s).

The Present Project and Problems Encountered

Financing

In 1993 the Centre received a donation from XB Brokers. This donation kept the Centre going and enabled it to purchase a computer which assisted the progress. In the same year, the Centre received a complimentary *Trilingual Legal Dictionary* by V.G. Hiemstra and H.L. Gonin, donated by Juta & Co Ltd. The project was stimulated by this donation, since the dictionary forms, to a certain extent, the basis of the work.

Fortunately, the Department of Arts, Culture, Science and Technology (DACST, previously Department of National Education) also regards the project of the Centre as a worthwhile effort which deserves financial backing. In 1995 DACST presented the Centre with a grant-in-aid that enabled the Committee, *inter alia*, to appoint assistants and thus make better progress with the project. When presenting the cheque, the Director-General of DACST expressed the hope that the Centre will in future be able to branch out and add the equivalents of other African languages.

Computerisation

The computerisation process was unfortunately hampered by the working procedure. The legal expert at UNISA used to excerpt the legal terms from the *Trilingual Legal Dictionary*. These terms were keyed into her computer at UNISA and a printout was given to the Sepedi Committee. The Sepedi Committee added the Sepedi definitions and term equivalents on a separate computer or typewriter. After the terms were discussed at a quarterly meeting the English / Afrikaans and Sepedi terms were again keyed into a computer at the Department of African Languages at the University of Pretoria, where an assistant was available to do the job.

With the grant from DACST, it was possible to buy another computer. The computers are located at UNISA. As was mentioned before, the Centre is now also in a position to employ assistants to excerpt terms. The legal terms and definitions are taken from various sources such as dictionaries, textbooks, study material, etc. The assistants enter all relevant information directly into the

computer. The senior researcher (a legal expert) now writes simple English and Afrikaans definitions by taking all the information on a specific concept into account. The printouts are then given to the Sepedi researcher to add the Sepedi definitions and equivalents. The latter liaises with the Sepedi Committee.

At present the data is entered into the *Multiterm* database management system of the NTS. This system will also be used to enter terminology in the other languages as soon as the committees are established and they have started with the compilation of their lists. The reason is that the *Multiterm* system can handle multilingual data and it is necessary to link the various languages by means of a divisor language (or a bridging language) such as English or Afrikaans. While every committee can work on its own in its decentralised geolinguistic area, it will be possible to link various languages if need be, in order to eventually publish a multilingual legal dictionary.

Time-schedule

Although the Centre is at this stage only dealing with a small portion of the legal domain, it is still a huge task. The compilation of a dictionary is time-consuming and can last for years — even if work on it is done on a full-time basis. The people working on this dictionary do it on a voluntary, part-time basis. The Centre would, however, like to expedite the process. Thus it was decided at the meeting in May 1996 that another *modus operandi* will be followed. Only the core terms of *criminal law* and *criminal procedural law* would be excerpted. By doing this, an overview of the subject field can be gained, the problematic terminology can be dealt with first, and a list of terms from A-Z can be provided. This basic list can be distributed among subject specialists and linguists to get their input. As soon as this list is evaluated and edited, it can be given to the other language groups to start off with the basic terms. The assistants can immediately start revising of this basic list by adding the rest of the excerpted terms. The supplementary terms are not necessarily core terms, but they are just as important to the subject field as a whole. The various language committees can then immediately start work on the supplements and provide them with term equivalents and definitions in the relevant languages.

Training

The Centre also devotes some time to training. Before every quarterly meeting of the Centre, the Committee for legal terminology in Sepedi convenes to discuss problems they encountered while denoting legal concepts in the months preceding the meeting. The Committee members discuss a specific concept to outline the exact meaning and then they coin a Sepedi equivalent.

At the moment, African language terminologists of the National Termi-
nology Services (NTS) attend these working sessions. As part of their training
and with a view to elaborating the languages, NTS terminologists coin equiva-
lents in their mother-tongue when the Committee discusses problematic cases
in Sepedi. (NTS employs mother-tongue speakers of all the African languages.)
This is a very valuable exercise for all concerned. During these sessions, termi-
KW ignoreer egter nog 'n baie elementêre beginsel van gebruikersvriendelikheid. Gold (1993: 304) maak die volgende relevante stelling in sy resensie van *Bilingual Phrase Dictionary*: "Responsible dictionary compilers are expected not only to give careful thought to those questions [oor byvoorbeeld gebruikersadressering], take explicit decisions, and give effect to their decisions, but also to tell potential users of their works precisely what they can expect from them". Die toeligtingsteks in 'n vertalende sakwoordeboek behoort ook nie slegs 'n speelveld te bied vir die leksikograaf om sy / haar organisasieteorie te motiveer nie. Dit behoort primêr daarop gerig te wees om as 'n bemagtigingsmiddel vir die gebruiker te dien. In dié funksie mag die toeligting nie gesien word as 'n opsionele en plekvermorsende deel nie, maar as 'n noodsaaklike, verpligte deel van die voorwerk van 'n vertalende sakwoordeboek. Al die voorstelle wat dus gemaak is ter verbetering van KW kan slegs 'n daadwerklike impak hê indien die opstellers dit deeglik uiteensit en verantwoord in 'n toeligtingsteks.

Toegangstruktuur

Die bestaan van sodanige toeligtingsteks kan die leksikograaf ook in staat stel om meer innoverend met die woordeboek se toegangstruktuur te werk te gaan. Syfer- en lettermerkers, simboolmerkers, 'n ander kleur of twee, bykomende lettertipes, ens. kan ingespan word mits dit in die toeligting verantwoord word. KW se huidige aanduidingsisteme is te gebruikersonvriendelik om die gebruiker daadwerklik in veral sy artikelinterne soekroete by te staan. Verandering sal moet kom, maar die leksikograaf sal hom deur 'n paar praktiese kriteria moet laat lei. Eerstens sal die koste verbonde aan byvoorbeeld ander kleure drukwerk in ag geneem moet word. Tweedens sal daar rekening gehou moet word met die tekortkominge van die beskikbare rekenaarprogrammatuur en die voorkeure en afkeure van uitgewers. 'n Estetiese aanbod wat nie oogsteurende vernuwings invoer nie is 'n verdere voorvereiste. Verreweg die belangrikste kriterium is egter gebruikersvriendelikheid. Onder geen omstandighede mag die vernuwende toegangstruktuurkomponente die teksdigtheid so verhoog dat die inligting vir die teikengebruiker ontoeganklik word nie. Ook hierdie kriteria behoort deeglik in ag geneem te word by die opstel van 'n werkbare organisasieteorie. In die vertalende sakwoordeboek behoort die algehele aanslag daarop gerig te wees om die gebruiker so vinnig moontlik te bring by die inligting waarna hy soek. Indien die vernuwings hierteen indruis, misluk die leksikograaf in sy doel.

Slot

Uit hierdie resensieartikel behoort dit duidelik te blyk dat daar van enige leksikograaf verwag word om 'n goeie sisteem te hê, dit deeglik in die toeligtings-

teks te verwoord, en dit konsekwent toe te pas. In bykans al die belangrikste inligtingstipes en strukture misluk KW met betrekking tot al drie hierdie kriteria. Verder misluk 'n goeie sisteem van byvoorbeeld grammatikale inligting en een van konteksleiding bloot weens 'n inkonsekwente toepassing en 'n onvermoë om die noodsaaklikheid van 'n enkele gebruikersadressering in te sien. Feitlik al hierdie tekortkominge kan teruggevoer word tot 'n gebrekkige organisasieteorie.

Tog hoef die toekoms nie duister te lyk nie. Met die amalgamering van Nasionale Boekhandel se woordeboekuitgewers in een sentrale buro, Pharos, kan daar daadwerklik gekyk word na 'n nuwe benadering ten opsigte van hulle drie bestaande vertalende sakwoordeboeke. KW het reeds van die mikrostrukturele swakhede en oortollighede van GW uitgeskakel en sodoende die kommunikatiewe sukses verhoog en die makrostruktuur proporsioneel vergroot. Indien 'n gees van verdere vernuwing in die woordeboekburo posvat, kan die vertalende sakwoordeboeke 'n innoverende werkswyse toon wat vir die Suid-Afrikaanse vertalende leksikografie van onskatbare waarde sal wees en hopelik ook na hulle groter stalmaats sal versprei.

KW beset 'n deel van die mark wat deur talle van die tradisionele grense in die teikengebruikersverdeling sny. Indien leksikografiese sukses op hierdie vlak verkry kan word, kan dit 'n belangrike faktor word in die skep van 'n gunstige taalgebruiksklimaat waarin die wisselwerking tussen gebruikersvriendelikheid en woordeboekkultuur net kan lei tot die verdere verbetering van die leksikografiese standaard.

Bronnelys

A.   Woordeboeke

Barnes, A.S.V. e.a. 1993[3]. *Tweetalige Sakwoordeboek*. Kaapstad: Nasou.

Juta se Sakwoordeboek / Juta's Pocket Dictionary. 1983[6]. Kenwyn: Juta.

Kritzinger, M.S.B., P.C. Schoonees, U.J. Cronjé en L.C. Eksteen. 1986[13]. *Groot Woordeboek / Major Dictionary*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Kritzinger, M.S.B. en J. Kromhout. 1992[11]. *Klein Woordeboek / Little Dictionary*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Kromhout, J. 1993. *Mini Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Odendal, F.F. (Red.). 1994[3]. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Perskor.

B.   Ander Bronne

Al-Kasimi, A.M. 1977. *Linguistics and Bilingual Dictionaries*. Leiden: E.J. Brill.

Gold, David L. 1993. Resensie van *Bilingual Phrase Dictionary / Tweetalige Frasewoordeboek (E-A)*. *Lexikos* 3: 303-313.

Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie.* Kaapstad: Academica.

Gouws, R.H. 1990. Information Categories in Dictionaries, with Special Reference to Southern Africa. Hartmann, R.R.K. (Red.). 1990: 52-65.

Haas, M.R. 1967. What Belongs in a Bilingual Dictionary? Householder, F.W. en Sol Saporta (Reds.). 1967[2]: 45-50.

Hartmann, R.R.K. (Red.). 1984. *LEXeter '83 Proceedings. Papers from the International Conference on Lexicography at Exeter, 9-12 September 1983.* Lexicographica, Series Maior 1. Tübingen: Max Niemeyer.

Hartmann, R.R.K. (Red.). 1990. *Lexicography in Africa.* Exeter Linguistic Studies 15. Exeter: University of Exeter Press.

Hausmann, F.J., Q. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (Reds.). 1989-1991. *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. An International Encyclopedia of Lexicography.* Berlyn: Walter de Gruyter.

Householder, Fred W. en Sol Saporta (Reds.). 1967[2]. *Problems in Lexicography.* Bloomington: Indiana University.

Iannucci, J.E. 1985. Sense Discriminations and Translation Complements in Bilingual Dictionaries. *Dictionaries* 7: 57-65.

Kromann, Hans-Peder, Theis Riiber en Poul Rosbach. 1989. Principles of Bilingual Lexicography. Hausmann, F.J. e.a. (Reds.). 1989-1991: 2711-2728.

Louw, P.A. en R.H. Gouws. 1996. Lemmatiese en nielemmatiese adressering in Afrikaanse vertalende woordeboeke. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 14 (3): 92-100.

Wiegand, H.E. 1984. On the Structure and Contents of a General Theory of Lexicography. Hartmann, R.R.K. (Red.). 1984: 13-30.

R.R.K. Hartmann (Ed.). *Solving Language Problems: From General to Applied Linguistics,* 1st edition 1996, vi + 298 pp. ISBN 0-85989-484-3. Exeter: University of Exeter Press. Price £13,95.

Questions about the nature of linguistics and its contribution to human intellectual pursuit often appear in academic discussions and in casual conversations. While any language practitioner with a linguistic background can give an elaborate answer to these questions, the general perception, even amongst educated people, seems to be that linguistics is a somewhat esoteric discipline with little to offer towards "practical" issues such as language learning.

Hartmann's book, *Solving Language Problems,* offers an accessible survey of key areas in linguistics and their relevance in the field of applied linguistics. This edited volume, containing ten chapters, seeks to demonstrate that the relation between general and applied linguistics cannot be reducible to theory versus practice.

In their introductory chapter, Cahill and Hartmann defend the intellectual autonomy of linguistics and discuss the vast realm of applied linguistics. General linguistics has fragmented into a number of sub-areas and interdisciplinary fields and the more one moves from theory to practical problem solving, the more contact there is with other subject fields. This interdisciplinary nature lies at the heart of modern linguistics and at the same time is a defining feature of applied linguistics. The authors concede that the relation between the two appears to be mutually reinforcing rather then dichotomous. Interpretation also depends on the scope of meaning of the applied linguistics, which is viewed by some rather narrowly as a teaching-oriented field, and by others as a broadly understood study of the uses that a person makes of language and problems he or she encounters in the process.

The introduction also specifies the intended audience for the volume and recommends it as an "introduction to linguistics for students about to embark on a postgraduate course in the subject" (p. 11). The comment on the back cover of the book highlights its usefulness to undergraduates in the field of linguistics and applied linguistics. Ultimately, both these recommendations and the content of the whole volume leave one rather unclear about the target readers and how much knowledge of linguistics the authors assume a priori from their audience.

The topics selected for the volume fall into three groups: language theory, language description, and language use in context. The first includes a chapter on Transformational-Generative Grammar (Mersedeh Proctor) and a chapter devoted to Systemic Grammar (Steven Dodd). Language description comprises Phonetics and Phonology (Steven Dodd and Jon Mills) and Aspects of Lexical Semantics (Rufus Gouws) which — by the author's own admission — is not located in any particular theoretical framework. Language use in context is, predictably, most widely represented in the present volume and includes a contribution on Discourse (Mersedeh Proctor), chapters on Psycholinguistics

(Aidan Cahill) and Sociolinguistics (Mike O'Rourke), and three papers with a strong focus on applied linguistics as a teaching-oriented discipline: Orientations in Language Teaching and Testing (Diane Davies), Lexicography as an Applied Linguistic Discipline (Reinhard Hartmann) and Computers in Applied Linguistics (Jon Mills).

Given the number of contributions and the vast area of coverage, it is only to be expected that they will differ in depth of presentation; some offer a necessarily cursory view of a discipline (Phonetics and Phonology), others combine a fairly exhaustive theoretical exposition with a thorough analysis of data (Discourse). Stylistic variation is also palpable; ranging from a rigorous academic discourse of chapter 3 (Systemic Grammar), to a more casual mode of presentation in chapter 9 (Lexicography).

Although in general all contributions can be assessed as useful and instructive, a few contain certain problematic aspects.

The first contribution (by Steven Dodd and Jon Mills) provides an introduction to phonetics and phonology. While the need for the inclusion of a chapter on speech sounds and sound systems is indisputable, the description and presentation are inconsistent. The reader is acquainted with the IPA symbols, place and manner of articulation for such "exotic" sounds as the German voiceless palatal fricative, the uvular stop found in Arabic, or the uvular trill of French and German, yet the "commonplace" velar nasal found in English is referred to as the "sound written <ng>" (pp. 16, 17), with no accompanying symbol. The pulmonic airstream mechanism is described in detail but the glottalic airflow only receives a mention in the form of "implosive or explosive glottalic sounds" (p. 15), which can hardly satisfy the curiosity of a beginning student in linguistics for whom the book is intended.

The application of grammatical descriptions presented in chapter 2 (Transformational-Generative Grammar (TGG)) and in chapter 3 (Systemic Grammar), is, even according to the editor, not so clear-cut, although their relevance to linguistic theory in general is unquestionable. In fact, Proctor, after presenting her account of TGG gives three reasons why TGG cannot be used in classrooms, which is a laudable admission. She sees the lack of application of TGG in the classroom situation as resulting from the highly abstract nature of the theory, its disregard of the influence which the non-linguistic context exerts on language and its focus on a scientific description of language as an end in itself.

Proctor's treatment of thematic roles in the examples provided by her is somewhat unorthodox and I find myself in disagreement with her assignment of thematic roles. Her analysis of the sentence *Eliot drove her to hospital* is as follows (p. 55):

[Eliot] drove	[her]	to [hospital]
AGENT	BENEFACTIVE	SOURCE

While it has to be admitted that syntactic and semantic analyses are occasionally tinged with subjectivity (grammaticality judgement is perhaps the most salient example), the following assignment of thematic roles appears less controversial:

[Eliot] drove	[her]	to [hospital]
AGENT	THEME/PATIENT	GOAL

Steven Dodd's introductory account of Systemic Grammar presented in chapter 3 is packed with information and for that reason is not easily digestible for a beginning student of linguistics. It also contains a questionable exposition. On page 86, the author contradicts himself in the description and exemplification of the imperative mood, which, he says, is further divisible into **inclusive**, as in the example *Open the door!*, or **exclusive**, as in *Let's open the door*. The summing up of realisation rules at the bottom of the page presents us with an entirely different subdivision, namely: mood imperative inclusive contains the word *let*; mood imperative exclusive appears without it.

Rufus Gouws' chapter on aspects of lexical semantics offers a very informative introduction to the study of lexicon and sense relations holding between lexical items. However, bearing in mind the intended audience, one cannot shake off the impression that the wealth of factual information and new terminology can be overwhelming for a linguistic novice. For example, in his discussion of dictionaries, Gouws remarks that "[...] a dictionary has to convey a variety of information types, including information on the lexical meaning of the lemmas" (p. 100). While it has to be acknowledged that the term **lemma** has been in use for some time (e.g. Zgusta 1971, Levelt 1989), it has not been universally accepted by lexicographers and semanticists. Standard introductory textbooks in linguistics, like O'Grady *et al.* (1991) and Fromkin and Rodman (1988) also avoid the term. Therefore, it would be beneficial for the prospective student to have contentious elements of linguistic jargon explained before embarking on discussions of a more advanced level.

The chapter under discussion contains another potentially controversial point. In the section devoted to relations between lexical items and extralinguistic properties, Gouws offers an explanation of **reference** as the "relationship between an expression and its referents in the extralinguistic world". Further in the text, **denotation** is defined as the "relationship between a lexical item and the places, things, properties, persons, processes and activities outside the language system [...]" (p. 103). Given that a lexical item can also be an expression, these definitions do not seem to distinguish the two terms. Indeed, denotation is naturally connected with reference and some authorities do not draw any distinction between them. However, having these two terms discussed under separate headings might require some further elaboration. Perhaps it will be helpful to add that denotation belongs to a lexical item independently of its use on particular occasions of utterance, whereas the reference

of a referring expression is usually context-dependent.

The nature of this volume allows for a certain degree of proliferation of specialised linguistic terms but lack of adequate explanation can make the text impenetrable and unduly hard to read.   Ultimately, one has to admit that it is not the link between linguistics and applied linguistics that leaves the reader with unanswered questions, but the uneven level of presentation and difference in the assumed level of knowledge.

The bottom line, however, is how much the book meets what is seeks to do at the outset, i.e. explain the nature of linguistics, its relevance and contribution to applied linguistics understood as "dealing with the practicalities of language".   In this respect, *Solving Language Problems* is to be commended because of its contributors' dedicated and largely successful attempts to make the discipline more approachable and relevant. The book contains a wealth of information spanning a broad range of issues. The material presented is — on the whole — up to date, and despite stylistic and methodological heterogeneity, students with diverse academic interests and a common interest in linguistics are certain to find this volume a useful and valuable contribution.

References

Fromkin, V. and R. Rodman. 1988⁴. *An Introduction to Language*. New York: Holt.

Levelt, W.J.M. 1989. *Speaking: From Intention to Articulation*. Cambridge, Mass.: MIT Press.

O'Grady, W., M. Dobrovolsky and M. Aronoff. 1991². *Contemporary Linguistics: An Introduction*. New York: St. Martin's Press.

Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. The Hague: Mouton.

Ewa Clayton
Department of Linguistics
University of the Witwatersrand
Wits
South Africa

Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (Reds.).
Wörterbücher: Ein internationales Handbuch zur Lexikographie / Diction-
aries: An International Encyclopedia of Lexicography / Dictionnaires: Encyclo-
pédie internationale de lexicographie. Deel 1-3. 1989-1991, LII + 3355 pp.
(Handbücher zur Sprach- und Kommunikationswissenschaft, Band 5.1-
5.3) ISBN 3-11-009585-8. Berlyn / New York: Walter de Gruyter. Prys
Deel 1, DM740,00; Deel 2, DM880,00; Deel 3, DM780,00.

1.   Inleiding

Die saamstel van woordeboeke is 'n praktyk wat meer as 4 000 jaar oud is, en
vir sover woordeboeksamestellers hulle in hierdie praktyk deur enige soort
oorweging (van watter aard ook al) laat lei het, het die metaleksikografie seer
sekerlik 'n ewe lang geskiedenis.

Wat die moderne metaleksikografie betref, was die verskyning van Ladis-
lav Zgusta se nou al bekende *Manual of Lexicography* in 1971 'n hoogtepunt
omdat dit die eerste handboek van formaat oor die metaleksikografie was wat
die lig gesien het. As sodanig het dit internasionale aansien gekry en die basis
gevorm van praktiese opleidingskursusse vir leksikograwe en akademiese kur-
susse oor die leksikografie.

Sowel die praktiese leksikografie as die metaleksikografie het sedertdien
'n ontploffing beleef. Eersgenoemde is duidelik aan die ongelooflike groot aan-
tal woordeboeke wat die lig gesien het (en daagliks aangroei) en die groot mate
van variasie in woordeboektipes en -formate. Dis 'n bedryf wat daagliks inter-
nasionaal op die gevarieerde talige inligtingsbehoeftes van taalgebruikers rea-
geer, en, in baie gevalle, sulke behoeftes antisipeer (en ook skep).

Insgelyks het die metaleksikografie, en dan veral daardie vertakking daar-
van wat ondersoek instel na die teoretiese en metodologiese uitgangspunte wat
die saamstel van woordeboeke van alle tipes onderlê, 'n ongekende opbloei
beleef. Dis 'n navorsingsaktiwiteit wat gerig is op die probleme wat uit die lek-
sikografiepraktyk na vore kom en ten doel het om beter woordeboeke daar te
stel vir die uiteenlopende gebruike waarvoor verskillende gebruikersgroepe
verskillende soorte woordeboeke inspan.

Met die publikasie van hierdie driedelige en drietalige werk *Wörterbücher /*
Dictionaries / Dictionnaires wou die redakteurs 'n vakensiklopedie beskikbaar
maak wat die stand van die metaleksikografie (met die verskillende onder-
soeksterreine daarvan) op oorsigtelike wyse aan bod stel, nie net vir die stu-
dent van die leksikografie nie, maar ook vir die toenemende aantal navorsers
en praktisyns uit verskillende vakgebiede wat by die uiteindelike samestelling
van woordeboeke en hulle gebruik betrokke is.

Die verskyning van die eerste deel van die ensiklopedie in 1989 is vooraf-
gegaan deur 'n lang beplanningsfase. Die ontwerp en inhoud vir so 'n ensiklo-
pedie is reeds in 1983 deur die redakteurs bekendgestel en verskeie leksiko-

grawe en metaleksikograwe het in die tydperk daarna aan die finale konsep help formuleer. Die resultaat is 'n omvattende, driedelige werk bestaande uit 349 artikels deur 248 outeurs.

Soos die redakteurs dit in die voorwoord stel, weerspieël die geheel noodwendig ook die voorkeure van die redakteurs ten opsigte van die temas wat behandel word, die strukturering van die artikels, die keuse van outeurs en die tale waarin die artikels geskryf is. Die meer spesifiek Wes-Europese georiënteerdheid van die geheel blyk byvoorbeeld duidelik uit die keuse van tale waarin die ensiklopedie aangebied word: met die uitsondering van die voorwoord en die uitgebreide sake- / naamregister wat in Engels, Frans en Duits is, is die afsonderlike artikels in enigeen van hierdie drie tale. Soos die redakteurs dit in die voorwoord stel, is die keuse van hierdie drie tale ook daardeur gemotiveer dat 'n groot deel van die resultate van metaleksikografiese navorsing in hierdie drie tale gepubliseer word.

Uiteraard is dit onmoontlik om in 'n resensie van hierdie aard aandag te gee aan elke faset van dié omvattende werk. In die onderstaande word daar ter oriëntering van die leser dus 'n beskrywing gegee van die opbou van die ensiklopedie as geheel en daarbinne word in meer besonderhede ingegaan op die inhoud van enkele artikels oor die hooftemas wat behandel word. Ten slotte volg 'n aantal kritiese opmerkings.

2.   Algemene opbou

Die driedelige ensiklopedie bestaan uit 'n kort voorwoord (in elkeen van die drie tale), wat gevolg word deur die 349 artikels wat in 38 hoofstukke georganiseer is:

Deel 1: hoofstuk I-VII (artikel 1-100)
Deel 2: hoofstuk VII-XX (artikel 101-219)
Deel 3: hoofstuk XXI-XXXVI (artikel 220-334)

Deel 3 bevat ook 'n bibliografie van bibliografieë oor woordeboeke, 'n uitgebreide saakregister (in al drie die tale) en 'n naamregister.

Elke artikel bevat 'n kort inhoudsopgawe en word afgesluit met 'n geselekteerde bibliografie. Die artikels self wissel onderling in lengte, maar die inhoudsopgawe wat die nommering en opskrifte van die paragrawe weergee, vergemaklik die naslaan van spesifieke onderdele van enige artikel.

3.   Spesifieke temas

3.1   Aspekte van die eentalige leksikografie

In deel 1 kom in hoofsaak, maar nie uitsluitlik nie, aspekte van die eentalige

leksikografie aan bod. In hoofstukke I en II word daar in die artikels gefokus op aspekte buite om die interne struktuur van woordeboeke.

3.1.1   Woordeboeke en die publiek

Die 12 artikels in hoofstuk I belig vanuit die oorkoepelende tema "Dictionaries and their Public" 'n uiteenlopende aantal aspekte van die verhouding tussen woordeboeke en die gebruikerspubliek (bv. die normatiewe en ideologiserende funksie, die rol wat woordeboeke speel in die totstandkoming en ontwikkeling van 'n standaardtaal en gebruikers se siening van die funksie van 'n woordeboek). Die hoofstuk as geheel is tematies egter iets van 'n hutspot omdat dit byvoorbeeld ook artikels bevat oor die opleiding van die leksikograaf en verskeie oor die funksie van woordeboeke — 'n tema wat weer aangesny word in hoofstuk II.

In hoofstuk II (artikel 12-25) word, soos die hoofstuktitel "Dictionaries and their Users" aandui, gefokus op die komplekse sosiologiese profiel van die verskillende soorte gebruikers van woordeboeke, maar in hoofsaak op die verskillende funksies waarvoor woordeboeke ingespan word. Daarmee kom gevolglik twee van die belangrikste veranderlikes wat die makro- en mikrostrukturele aspekte van enige woordeboek behoort te bepaal, aan bod: die beoogde teikengroep en die funksies waarvoor die woordeboek ingespan (moet kan) word.

Die hoofstuk word ingelei met artikel 12 van R.R.K. Hartmann "Sociology of the Dictionary User: Hypotheses and Empirical Studies". In artikel 16-24 word spesifieke gebruike van woordeboeke belig, byvoorbeeld hulle gebruik in linguistiese en filologiese navorsing en in vertaling en tweede- / vreemdetaalonderrig. 'n Interessante artikel (artikel 13) is dié van Peter Kühn waarin 'n woordeboektipologie — die hooftema van hoofstuk VI e.v. — gegrond op die funksies van woordeboeke aan bod gestel word. Hierdie artikel dien dus ook as 'n inleiding en aanvulling tot die daaropvolgende artikels waarin die verskillende funksies elk afsonderlik bespreek word. Die hoofstuk word afgesluit met artikel 25 van Henri Béjoint oor die onderrig van woordeboekgebruik — 'n artikel wat as hoeksteen kan dien vir enige taalgebruikskursus op skool of op tersiêre vlak.

Hoofstuk III (artikel 26-35) dra die titel "History and Theory of Lexicography: General Aspects". Wat inhoud betref, is hierdie hoofstuk ook ietwat van 'n hutspot vir sover daaronder 'n aantal tematies uiteenlopende artikels gegroepeer is. Slegs die eerste drie van hierdie artikels het 'n historiese perspektief, nl. dié van F.J. Hausmann oor 'n aanloop tot die beskrywing van die geskiedenis van die metaleksikografie, dié van N.E. Osselton oor die geskiedenis van akademiese kritiek op woordeboeke en dié van Oskar Reichmann oor die geskiedenis van leksikografiese projekte in Duitsland. Gesien die feit dat daar later uitgebreid aandag gegee word aan die eentalige leksikografie van afsonderlike tale, is dié artikel van Reichmann hier ietwat misplaas.

In die res van die artikels word 'n uiteenlopende aantal metaleksikogra-
fiese kwessies behandel: die huidige status van die leksikografie en die verhou-
ding waarin dit tot ander dissiplines staan, die onderskeid tussen die linguis-
tiese woordeboek, ensiklopedie en die ensiklopediese woordeboek, die begin-
sels van die eentalige leksikografie, die metataal / terminologie van die leksi-
kografie en die verskillende vorme wat woordeboeke vandag aanneem (ge-
drukte boek, mikrofiche en die elektroniese woordeboek).

3.1.2   Die makro- en mikrostrukturele kenmerke van eentalige woordeboeke

Hoofstuk IV (artikel 36-67), "Components and Structures of Dictionaries",
beslaan 'n groot deel van die eerste deel, en ten regte omdat daarin aandag
gegee word aan die makro- en mikrostrukturele aspekte van die eentalig-ver-
klarende woordeboek.

Die hoofstuk word ingelei met 'n oorsigartikel (artikel 36) deur F.J. Haus-
mann en H.E. Wiegand oor die verskillende struktuurkomponente van eenta-
lige woordeboeke, en dan gevolg deur drie ander (artikel 38, 38a en 39) waarin
aspekte van die begrippe "makrostruktuur" en "mikrostruktuur" ontleed word.
Hierdie twee strukturele begrippe is nou al goed gevestig in die metaleksiko-
grafie en hulle vorm saam met veranderlikes soos die aantal tale, teikengebrui-
kers en funksies van woordeboeke die vernaamste parameters in terme waar-
van woordeboeke individueel ontleed en tipologies van mekaar onderskei
word.

In artikel 37 (ietwat misplaas tussen die eerste vyf) bring Werner Wolski
die lemma en verskillende lemmatipes aan bod, en vanaf artikel 40 word daar
dan sistematies aandag gegee aan alle aspekte rakende die mikrostrukturele
inligting wat in eentalige woordeboeke aangegee word: ortografie, uitspraak,
(fleksie)morfologie, betekenis, sintaktiese inligting, die hantering van vaste uit-
drukkings, sinonieme en antonieme, homonieme en paronieme, e.s.m. Die
reeks leksikografiese etikette wat in eentalige woordeboeke gebruik word,
word vanaf 'n oorsigartikel (artikel 53) deur Hausmann in 'n reeks artikels be-
spreek. Aandag word gegee aan die gebruik van nieverbale inligting (byvoor-
beeld illustrasies) en bibliografiese verwysings in artikels.

Artikel 63 tot 67a behandel aspekte van die voor- en agterwerk van woor-
deboeke, soos die insluiting van 'n grammatikadeel, gebruikershandleiding,
ander linguistiese en ensiklopediese inligting wat nie in woordeboekartikels
van die hoofdeel opgeneem is nie en die register. Wat die struktuurelemente
van die eentalig-verklarende woordeboek betref, bied die ensiklopedie dus 'n
omvattende behandeling. In al die artikels word daar breedvoerig gebruik
gemaak van illustrasiemateriaal uit 'n verskeidenheid woordeboektipes en in
verskeie van hulle word ook aandag gegee aan die funksies van elke inligtings-
tipe, enkoderingsformate, plasing in die woordeboek, integrasie met ander
inligting / inligtingstipes en spesifieke beskrywingsprobleme wat elkeen ople-
wer.

Die artikels van hoofstuk V "Selected Problems of Description in the General Monolingual Dictionary" (artikel 69-90a) benader die makro- en mikrostrukturele aspekte van die eentalige woordeboek vanuit 'n ander hoek, nl. dié van die beskrywingsprobleme wat ondervind word by die saamstel van hierdie tipe woordeboek. Daar word onder andere aandag gegee aan probleme met die keuse van lemmas vir opname, die beskrywingsprobleme wat homonimie en polisemie bied, die beskrywing en hantering van spesifieke lemmatipes (bv. modale partikels), lemmas van spesifieke registers (bv. omgangswoorde) of spesifieke semantiese gebiede (bv. die beskrywing van emosiewoorde). Sake wat ook aandag kry, is die benadering van leksikografiese definisies vanuit die raamteorie, die ordening van definisies en vorme van teksverdigting.

In sekere opsigte is daar 'n mate van (m.i. onvermydelike) inhoudelike oorvleueling tussen die artikels van hoofstuk IV en V, maar in die meeste gevalle word daar in (die beste van) die artikels van hoofstuk V op geselekteerde beskrywingsprobleme en die gekose oplossings gekonsentreer. Op hierdie wyse kry die gebruiker dus ook insig in die teoretiese en praktiese oorwegings wat die spesifieke aanbieding van die makro- en mikrostrukturele inligting in woordeboeke onderlê.

By die ondersoek na enige aspek van óf die makro- óf die mikrostruktuur van die eentalige woordeboek sal die navorser die grootste voordeel uit die inligtingsaanbod in die ensiklopedie trek deur na te gaan of 'n spesifieke tema wat in hoofstuk IV aan bod kom, nie ook vanuit die oog van die beskrywingsproblematiek in hoofstuk V behandel word nie.

Die omgekeerde is ook nodig omdat sommige artikels in hoofstuk IV juis aandag gee aan die beskrywingsprobleme ten opsigte van elemente van die makro- of die mikrostruktuur van eentalige woordeboeke. 'n Voorbeeld hiervan is artikel 46 waarin veral op die beskrywingsprobleme in verband met die behandeling van fraseologismes (vaste uitdrukkings) gekonsentreer word.

Betekenisbeskrywing/-verklaring, byvoorbeeld, is een van die kernaangawes in eentalig-verklarende woordeboeke en 'n aspek waarmee leksikograwe heelwat probleme ondervind. In die ensiklopedie kan die gebruiker 'n hele aantal artikels hieroor raadpleeg: artikel 30 van L.F. Lara oor die onderskeid tussen die linguistiese woordeboek, ensiklopedie en die ensiklopediese woordeboek, artikel 44 van H.E. Wiegand oor die leksikografiese definisie ('n hoogs tegniese en verteoretiseerde behandeling), artikel 69 van Ekkehard Zöfgen oor die hantering van polisemie, 'n hele aantal artikels wat (onder meer) handel oor die definiëring van leksikale items wat tot bepaalde funksionele of semantiese klasse behoort (vgl. die artikels in hoofstuk V) en artikel 84 van Immo Wegner waarin leksikografiese definisies vanuit die raamteorie benader word.

Al die artikels in hierdie twee hoofstukke is egter nie van gelyke gehalte nie. 'n Illustrasie van die soort "mindere" artikel wat die leser sal aantref, is artikel 71 van Günther Drosdowski oor die hantering van metaforiese uitdrukkings in die eentalige woordeboek. In die artikel word daar kortliks 'n onder-

skeid getref tussen enersyds metaforiese uitdrukkings en die probleem van hulle seleksie vir opname, en andersyds metaforiese prosesse en die neerslag daarvan in die polisemiese onderskeidings van leksikale items. Enkele voorbeelde van die wyse waarop hierdie twee aspekte in Duitse woordeboeke gehanteer word, word ontleed en die artikel word dan afgesluit met 'n lys geselekteerde bronne. Nóg in die artikel, nóg in die bronnelys vind 'n mens egter iets van die leksikografiese navorsing oor hierdie twee aspekte van metaforiek terug wat deur die baie bekende werk van G. Lakoff en M. Johnson *Metaphors we Live by* (1980) gestimuleer is. Tewens, met die uitsondering van Zgusta se *Manual of Lexicography*, word daar in die geselekteerde bronnelys slegs Duitse bronne verskaf.

3.1.3 Woordeboektipologie

Vanaf hoofstuk VI in deel 1 word 'n tema behandel wat oorloop na 'n groot deel van deel 2 toe, nl. die tipologisering van die magdom uiteenlopende woordeboeke wat op die mark beskikbaar is. In hoofstuk VI word eerstens in 'n paar artikels 'n aantal algemene aspekte van woordeboektipologieë bespreek. Die belangrikste artikel hier is artikel 91 van Hausmann waarin aandag gegee word aan die begrip "tipologie", adekwaatheidskriteria vir tipologieë, die verskillende onderskeidingskriteria waarop woordeboektipologieë berus en uiteindelik ook 'n uiteensetting van die beginsels wat in die ensiklopedie self met die tipologisering van die onderskeie soorte woordeboeke gevolg is.

In hoofstuk VII word verskillende soorte "sintagmatiese" woordeboeke behandel (bv. woordeboeke van sintaktiese patrone, kollokasies en idiomatiese uitdrukkings). Die tipologisering van woordeboeke word dan uitgebreid voortgesit in deel 2 van die ensiklopedie:

—   hoofstuk VIII (artikel 101-114): paradigmatiese woordeboeke (bv. onomasiologiese woordeboeke, woordeboeke van sinonieme en antonieme);
—   hoofstuk IX (artikel 115-125): woordeboeke van lemmatipes wat in standaardwoordeboeke in een of ander opsig geëtiketteer word (bv. woordeboeke van argaïsmes, neologismes en leenwoorde);
—   hoofstuk X (artikel 126-135): woordeboeke van ander lemmatipes as die voorafgaande (bv. woordeboeke van doeblette, morfeme en afkortings);
—   hoofstuk XI (artikel 136-139): onomastiese woordeboeke;
—   hoofstuk XII (artikel 140-147): woordeboeke wat spesifieke soorte inligting verskaf (bv. oor ortografie en frekwensie);
—   hoofstuk XIII (artikel 148-152): aanleerderswoordeboeke;
—   hoofstuk XIV (artikel 153-162): woordeboeke wat inligting oor spesifieke variëteite van 'n taal bevat; en
—   hoofstuk XV (artikel 163-166): woordeboeke wat op spesifieke tekste gerig is (bv. die konkordans).

Soos uit die voorgaande duidelik is, word feitlik elkeen van die bekende woordeboeksoorte aan die orde gestel. In die afsonderlike artikels word daar dan aandag gegee aan aspekte soos die makro- en mikrostrukturele kenmerke van elke tipe, hulle tipiese gebruike en teikengebruikers, en hierdie kenmerke word met voorbeelde uit 'n verskeidenheid woordeboeke van 'n bepaalde tipe geïllustreer.

Die aanleerderswoordeboek is byvoorbeeld 'n woordeboektipe waaroor daar die afgelope aantal jare heelwat navorsing gedoen is en waarvan verskeie die lig gesien het. Alhoewel artikel 151, "Dictionaries for Foreign Language Teaching: English", van Thomas Herbst gerig is op woordeboeke vir die aanleer van Engels, bied die artikel 'n goeie oorsig van die makro- en mikrostrukturele kenmerke van hierdie woordeboektipe. In die artikel word daar byvoorbeeld aandag gegee aan die algemene kenmerke van die verskillende aanleerderswoordeboeke wat in die handel beskikbaar is, en dan word in meer besonderhede ingegaan op die volgende mikrostrukturele kenmerke: definisies, voorbeelde, sintaktiese inligting, illustrasies, gebruiksaantekeninge en uitspraak.

In samehang met die ander artikels in hierdie hoofstuk wat aanleerderswoordeboeke in spesifieke tale behandel, sal die gebruiker 'n goeie beeld kry van die soort variasie wat hierdie woordeboektipe kenmerk ten opsigte van formaat, makro- en mikrostruktuur, inligtingstipes wat in die voor- en agterwerk ingesluit word, gebruik in samehang met grammatikas en die integrasie van die woordeboek by ander onderrigmateriaal.

In die voorwoord tot die ensiklopedie stel die outeurs dit duidelik dat daar nie veel aandag aan die vakleksikografie gegee is nie, hoofsaaklik vanweë die huidige (ontoereikende) stand van navorsing op hierdie gebied. Sedert die verskyning van die ensiklopedie het navorsing op hierdie gebied egter al toegeneem. Die ensiklopedie self bied vir die gebruiker wel byvoorbeeld iets meer oor die probleme met die opname en beskrywing van terminologie in die eentalig-verklarende woordeboek (vgl. bv. artikel 76 en 77 deur Walther Dieckmann en Günther Kempcke oor die politieke en vaktegniese taal onderskeidelik) en van verskillende soorte vakwoordeboeke vir die kenner en die leek. Artikel 159 deur Kurt Opitz behandel byvoorbeeld die tegniese woordeboek vir die kenner en artikel 160 deur Hartwig Kalverkämper die vakwoordeboek vir die leek. In artikel 170 skets Opitz die probleme wat in terminografiewerk met dataversameling ondervind word. In hierdie opsig bied die ensiklopedie vir belangstellendes 'n goeie oriëntering.

In hoofstuk XVI van deel 2 word daar in agt artikels onder die tema "Procedures in Lexicographical Work" in hoofsaak aandag gegee aan die rekenarisering van alle prosedures en prosesse in die saamstel en uiteindelike produksie van 'n aantal woordeboeke. Hierdie hoofstuk kom ietwat misplaas voor, aangesien dit tematies aansluit by sommige van die aspekte wat in hoofstuk V van deel 1 oor beskrywingsprobleme handel.

3.1.4   Die eentalige leksikografie van die verskillende tale

Die res van deel 2 en 'n groot deel van deel 3 van die ensiklopedie (hoofstuk XVII tot XXXII) word gewy aan 'n bespreking van die eentalige leksikografie van die afsonderlike tale van die wêreld (bv. van die klassieke tale, feitlik al wat 'n moderne taal is en van die tale met klein gebruikersgetalle). Soos 'n mens sou kon verwag, het die seleksie van die tale (veral die uitsluiting van sekere tale) en besluite oor die presiese omvang van die beskrywing van die leksikografiewerk oor elke taal die redakteurs heelwat hoofbrekens besorg (vgl. in hierdie verband die voorwoord tot die ensiklopedie). In die meeste gevalle is die omvang van die artikels egter bepaal deur die omvang van die leksikografiewerk in 'n spesifieke taal, wat die uitgebreide aandag aan die leksikografieë van byvoorbeeld Duits, Engels en Frans sou verklaar.

Die Afrikaanse leksikografie kry in hierdie omvangryke deel van die ensiklopedie dekking in ongeveer 'n enkele bladsy, waar dit onder die groep Germaanse tale saam met die Nederlandse leksikografie aangebied word. Vanselfsprekend word daar in hierdie enkele bladsy nie veel meer as 'n kort historiese oorsig gebied en van die vernaamste woordeboeke genoem nie. Al woordeboeke wat meer uitgebreide behandeling kry, is die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* en *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Vir verdere inligting oor die woordeboeke wat in meertalige lande vir elkeen van die tale bestaan, sal die gebruiker sy weg moet vind met behulp van die saakregister.

3.2   Twee- / meertalige leksikografie

Die twee-/meertalige leksikografie is 'n navorsingsterrein wat die afgelope aantal jare 'n sentrale plek in leksikografiese navorsing ingeneem het. In die ensiklopedie begin hierdie tema met hoofstuk XXXIII, waarin aandag gegee word aan die beginsels en komponente van die twee-/meertalige leksikografie. Soos in die geval van die ander temas, word ook hierdie een ingelei met 'n oorsigartikel waarin algemene aspekte van die teikengroepe en funksies van hierdie soort woordeboeke geskets word (vgl. artikel 285 "Principles of Bilingual Lexicography" deur Hans-Peder Kromann, Theis Riiber en Poul Rosbach). In ooreenstemming met die behandeling van die eentalig-verklarende woordeboek, word dit dan opgevolg deur 'n aantal artikels waarin spesifieke aspekte van die makro- en die mikrostruktuur van hierdie woordeboektipe in meer besonderhede bespreek word (vgl. in hierdie verband veral artikel 286 van Hausmann, wat van 'n uitgebreide bronnelys voorsien is en besonder bruikbaar is, nie net as oriëntering nie, maar ook vir verdere navorsing).

Artikels waarin in meer besonderhede op die mikrostrukturele elemente van hierdie woordeboektipe ingegaan word, is artikel 287 tot 292. Aspekte wat aandag kry, is onder meer grammatiese konstruksies, kollokasies, die gebruik van voorbeelde, die aangee van paradigmatiese semantiese relasies en die gebruik van etikette.

Van die vernaamste beskrywingsprobleme wat met die saamstel van twee-/meertalige woordeboeke ervaar word, is die onderwerp van hoofstuk XXXIV. Die probleme wat van artikel 293 tot 302 behandel word, is onder meer die volgende: dataversameling en strukturering, lemmatisering, ekwivalensie-verhoudinge, grammatiese en leksikale kategorisering, die mikrostrukturele organisasie van 'n woordeboekartikel, vorme van teksverdigting, die kontrastiewe linguistiek as uitgangspunt vir tweetalige leksikografie, die metataal wat gebruik word, die probleme wat kulturele verskille tussen tale oplewer en die beskrywing van pidgin- en kreoolse tale.

In ooreenstemming met die opbou van die hoofstukke en artikels oor die eentalige leksikografie, word hierdie beskrywingsprobleme gevolg deur 'n bespreking van die verskillende soorte twee-/meertalige woordeboeke. Hausmann gee in artikel 303 kortliks 'n tipologie, en dié word gevolg deur 'n bespreking van spesifieke woordeboeksoorte: die "dictionary of false friends", tweetalige aanleerderwoordeboeke en die reiswoordeboek.

Artikel 306 oor meertalige woordeboeke en die probleme wat hulle oplewer, lei as 't ware 'n nuwe subtema in. In hierdie omvangryke artikel deur Günther Haensch word daar 'n historiese skets van die ontwikkeling van hierdie woordeboektipe verskaf, en dan word kortliks ingegaan op die funksies en makro- en mikrostrukturele kenmerke daarvan. Die probleme wat die gebrek aan (direkte) ekwivalensie tussen meerdere tale vir die leksikograaf lewer, word ook kortliks aangespreek. Die artikel is van 'n uitgebreide bronnelys voorsien wat verdere navorsing oor hierdie woordeboektipe sal vergemaklik.

Dieselfde soort behandeling (vgl. artikel 307 ook deur Haensch) word van die tweetalige vakwoordeboek verskaf, alhoewel daar nie in soveel besonderhede as in die geval van die meertalige woordeboek ingegaan word nie.

Die tweetalige leksikografie van spesifieke tale is die onderwerp van die artikels van hoofstuk XXXVI (artikel 308 tot 328). Meestal word daar in hierdie artikels 'n kort historiese skets van die ontwikkeling van die tweetalige leksikografie van die betrokke taal verskaf en spesifieke woordeboeke na hulle funksies, vertaalrigting en makro- en mikrostrukturele kenmerke bespreek. Saam met die artikels van hoofstuk XVII tot XXXII oor die eentalige leksikografie van die afsonderlike tale, sal die gebruiker van die ensiklopedie 'n omvattende beeld van die stand van die leksikografie in enige van die bespreekte tale kan rekonstrueer.

Die artikelreeks van die ensiklopedie word afgesluit met hoofstuk XXXVI bestaande uit 'n aantal artikels oor woordeboeke van hulptale (bv. vir die dowes) en ander kommunikasiestelsels.

4.   Slotsom

Uit die voorgaande behoort dit duidelik te blyk dat die ensiklopedie, met die uitsondering van die navorsing oor woordeboekkritiek, vir die leser 'n baie

goeie oorsig oor die belangrikste aspekte van metaleksikografiese navorsing bied. Soos 'n mens van 'n vakensiklopedie kan verwag, is die meeste artikels daarop gemik om die leser (leek, student, navorser) ten opsigte van die vernaamste navorsing te oriënteer, probleme te identifiseer en leemtes aan te dui. Met die uitgebreide bronnelyste aan die einde van elke artikel word die navorser se behoeftes ook aangespreek, vir sover dit hom / haar leiding vir verdere navorsing verskaf.

Soos reeds vermeld, is al die artikels nie van gelyke gehalte nie — iets wat verstaanbaar is as die hoeveelheid skrywers in ag geneem word wat by die projek betrokke was. Sommige van die artikels is niks meer as 'n oppervlakkige verkenning van 'n tema nie, in welke geval die inligtingsoeker noodwendig die genoemde werke in die bronnelys by elke artikel en die bronnelys aan die einde van die ensiklopedie sal moet raadpleeg.

'n Opvallende eienskap van die ensiklopedie is die bydrae van twee van die redakteurs, nl. Hausmann en Wiegand. Nie net het hulle self 'n hele aantal van die artikels geskryf nie, maar ook in talle van die artikels, in die besonder dié in Duits, vorm hulle metaleksikografiese beskouings die sentrale uitgangspunt by die bespreking van die makro- en mikrostrukturele aspekte van die eentalige en die twee-/meertalige woordeboeke.

Die drietalige benadering wat gevolg word, sal vir talle Suid-Afrikaanse gebruikers van die ensiklopedie probleme oplewer omdat Duits en Frans vir die meeste nie 'n tweede of derde taal is nie. Dit is egter wel so dat van die inleidende artikels tot die verskillende temas in Engels is en dat die gebruiker via die verwysings na Engelse bronne in die artikels wat in Frans en Duits is, verdere opleeswerk sou kon doen.

'n Besonder hinderlike aspek van die organisasie van die ensiklopedie is die feit dat twee van die hooftemas in een deel begin en dan in 'n ander voortgesit word. Dit dwing die voornemende koper om al drie die dele aan te skaf ('n stewige uitgawe). Dit sou miskien sinvoller gewees het om alle metaleksikografiese aspekte rakende die eentalige leksikografie (insluitende die bespreking van spesifieke beskrywingsprobleme) in een deel af te handel en om 'n tweede te wy aan die twee-/meertalige leksikografie (met heelwat verdere uitdieping van die tema as wat tans die geval is). Die derde deel sou dan gewy kon gewees het aan 'n oorsig van die een- en twee-/meertalige leksikografie van die afsonderlike tale. So 'n organisasie sou dit moontlik maak om die eerste twee dele as handboeke vir studente te kon gebruik (veral ook as al die artikels in Engels is). In die huidige formaat, en veral vanweë die prys, sal min leksikograwe, studente en navorsers hierdie werk self kan bekostig.

Sowel die praktiese as die teoretiese leksikografie is vandag' vinnig ontwikkelende gebiede, wat onvermydelik inhou dat die ensiklopedie voortdurend bygewerk sal moet word. Dit geld nie net die bronnelyste nie, maar ook die navorsingsgebiede wat die afgelope aantal jare besondere aandag geniet het. Voorbeelde hiervan is die massa literatuur oor navorsing oor en gebruik van die rekenaar in die leksikografiepraktyk, die ontwerp en saamstel van

leksika in elektroniese formaat, die integrasie van leksika met teksmateriaal (veral onderrigmateriaal), die gebruik van hiperteks en die multimediategnologie en veral die ontginning van groot korpusse en die insigte van die korpuslinguistiek. In Europa is daar byvoorbeeld ook groot navorsingsprojekte die afgelope aantal jare geloods waaroor nie in die ensiklopedie gerapporteer word nie.

Hierdie punte van kritiek neem egter nie weg dat die ensiklopedie as 'n vakensiklopedie vir die grootste deel in sy doel slaag nie, nl. om die leek, student en navorser op die gebied van die leksikografie te oriënteer en om hom / haar, veral ook via die uitgebreide bronnelyste, die rigting vir 'n diepere verkenning te wys. Vir enige studie van die metaleksikografie is hierdie 'n onmisbare bron van inligting.

Piet Swanepoel
Departement Afrikaans
Unisa
Suid-Afrika

G.H. Kocks (Samesteller), J.P. Vording, A. Beugels, H. Bloemhof, e.a. (Medewerkers). *Woordenboek van de Drentse Dialecten, A-L*, 1996, LXIX + 706 pp. ISBN 90-232-3176-7. Assen: Van Gorcum. Prys ƒ87,50. Intekenprys ƒ69,50.

Hierdie woordeboek van die dialekte in die Nederlandse provinsie Drente is gerig op die behoeftes van die breë publiek en nie net op taalkundiges en dialektoloë nie. Die uitgangspunt was dat dit ook toeganklik moes wees vir wetenskaplikes uit volkskundige, historiese en kultuurhistoriese gebiede, asook vir niewetenskaplikes uit die streek van Drente en ander belangstellendes. Die betekenisomskrywings is derhalwe in die standaardtaal aangegee en is nie teen die agtergrond van die een of ander semantiese teorie gedoen nie.

Die woordeboek is 'n opgawe van Drentse dialekwoorde met 'n aanduiding van die lokaliteit en die semantiese waarde daarvan. Talle voorbeeldsinne is ook opgeneem om die gebruik van die woorde te illustreer. Geen aanduiding is gegee in verband met uitspraak, etimologiese aspekte en saak- en volkskundige aspekte nie.

